

Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

# die Kerkblad

Desember 2022/  
Januarie 2023

Sorg met eer

**GELOFTEDAG –**  
ons dure verpligting

[www.gksa.org.za](http://www.gksa.org.za)



# Inhoud

## Desember 2022 / Januarie 2023



**JAARGANG 123, NO. 3373**  
**Desember 2022 / Januarie 2023**

1 VAN DIE REDAKTEUR  
GELOFTEDAG: ons dure verpligting

4 UIT DIE WOORD  
Immanuel, God met ons!

6 REDAKSIONEEL  
Kersvrede en -vreugde voor 'n donker horison

8 BRANDPUNT  
Wys vir ander die Lam uit!

#### FOKUS

10 Gekroon tot diens (5)  
12 Sinodeskatte – 9 SINODE 1885

13 Dit is ons eer om te sorg met eer  
14 Ouderling in Afrika

TEOLOGIESE SKOOL  
16 Kuratorerapport November 2022  
19 Finalejaar teologiese student

18 BRIEWE

20 Lief en Leed  
22 Kerklike administrasie  
23 Kleinadvertensies

#### REDAKSIEKOMMISSIE

REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee  
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie  
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock

#### Adresbesonderhede:

- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

#### Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2022 – 30 Junie 2023):

Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R343  
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R493  
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R464  
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R143

**Intekening moet skriftelik gekanselleer word**

**DRUKKERS:** V&R Drukkery, tel. 012 333 2462



#### EIENAARS EN UITGEWERS

Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

# GELOFTEDAG: ons dure verpligting

Die datum van 16 Desember 1838 is miskien die belangrikste datum in die geskiedenis van Suid-Afrika en in besonder van die Afrikanervolk. Dit is op dié dag dat die Slag van Bloedrivier tussen die Voortrekkers en die Zoeloes plaasgevind het. Daar het in die slag ongeveer 3000 Zoeloes gesneuwel, terwyl nie een Trekker gesneuwel het nie. Een skrywer noem dat hierdie slag ook betekenis gehad het vir ander swart volke/stamme, omdat die Zoeloes besig was om elke ander stam wat hulle teëgekom het, uit te roei.



**DIE GELOFTE – Afgelê deur die Voortrekkers onder bevel van Andries Pretorius tussen 9 en 15 Desember 1838 voor die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838**

**H**ier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen dat, as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n Sabbat sal deurbring; en dat ons 'n huis tot sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte. Want die eer van sy Naam sal verheerlik word, deur die roem en die eer van oorwinning aan Hom te gee.

### Die Gelofte van Bloedrivier

**D**ie belangrikste feit rondom die Slag van Bloedrivier en tot vandag toe, is dat die Trekkers se voorbereiding en optrede tydens die slag deur hulle geloof in die Drieënige God bepaal en beheers is. Daarvan getuig die feit dat hulle onder leiding van Sarel Cilliers die Gelofte van Bloedrivier afgelê het wat daarin saamtrek dat, as die Here aan hulle die oorwinning sou gee, hulle dié dag soos 'n Sabbat tot sy eer sal deurbring, en dat hulle 'n huis tot sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat die eer vir die oorwinning aan God alleen gegee sou word. Verder het hulle ook hulle nageslag aan die Gelofte gebind.

Die opstel en aflegging van die Gelofte was nie iets wat op die ingewing van die oomblik of sommer so terloops plaasgevind het nie. Intendeel, dit was die spontane uitlewing van hulle geloof in God.

Vir ten minste sewe dae voor 16 Desember is die Gelofte herhaal tydens die gebruikelike godsdiens-oefening. En die aand ná die Slag van Bloedrivier is 'n dankdiens gehou om aan die troue Verbondsgod die lof en dank en eer toe te bring. Die Geloftekerk wat later in Pietermaritzburg gebou is, is 'n verdere bevestiging van die erns wat die Trekkers met die Gelofte gemaak het.

### Die Slag van Bloedrivier

Die klem val in hierdie artikel nie op al die besonderhede van die Slag van Bloedrivier nie. Dit moet egter genoem word dat in 'n hele aantal aspekte van die gebeure op 16 Desember 1838 die beskikking van God duidelik gesien kan word, byvoorbeeld in die feit dat die Zoeloes nie in die nag aangeval het nie; dat hulle telkens teruggeval het, wat die geleentheid gegee het dat die Trekkers se gewere kon afkoel, dat dit nie gereën het nie en die kruit dus droog kon bly, dat die digte mis wat die Zoeloes sigbaarheidsdekking tot teen die laer sou gegee het, wonderbaarlik opgeklaar het, dat die honderde beeste en perde wat in die laer was, nie paniekerig geraak en uitbreek het nie, ensovoorts.

Is dit nie 'n bevestiging van ons belydenis dat daar niks by toeval gebeur nie (HK Sondag 10) en dat die ewige en almagtige God oor die lotgevalle van volke beskik. Daarom is dit so belangrik dat nie net die Gelofte alleen nie, maar ook die geskiedenis van geslag tot geslag oorgedra word.

### Dure verpligting

Die feit dat die Trekkers ook hulle nageslag aan die Gelofte gebind het, was nie verkeerd of onverantwoordelik nie. In die eerste plek kon hulle dit doen omdat die mensheid en in besonder 'n volk organies aan mekaar verwant is. Maar veel belangriker is die feit dat hulle die volste reg gehad het om te aanvaar dat hulle nageslag, soos hulle, in die Genadeverbond sou leef in die intieme verhouding met God wat die God van wordende geslagte is. As ons dit alles in gedagte hou, plaas die viering van Gelofte dag 'n baie dure verpligting op ons. Ons is gebind aan 'n Gelofte wat ons voorouers as't ware ook namens ons afgelê het in die spontane uitlewing van hulle geloof en godsdiens.

En die Woord van God is daarvoor baie duidelik – dat 'n gelofte wat aan God gedoen is, betaal moet word. Ons lees byvoorbeeld in Deuteronomium 23:21: “As jy aan die *HERE* (die Verbondsnaam – CFCC) jou God 'n gelofte doen, moet jy nie versuim om dit te betaal nie; want die *HERE* jou God sal dit sekerlik van jou eis, en dit sal sonde in jou word” (AFR53). En in Psalm 50:14 staan daar: “Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die *Allerhoogste* ...” Ons sou nog 'n hele aantal tekste kon noem.

### Waar staan ons vandag?

As ons in die lig van bogenoemde na die werklikheid van vandag kyk, is daar baie groot rede tot kommer. Ja, daar word op baie plekke nog Geloftefeeste gehou en eredienste in baie kerke waarvoor ons baie dankbaar moet wees. Maar dit is ook 'n onomstootlike feit dat die grootste persentasie van ons volk nie meer die Gelofte nakom of in die gees van die Gelofte in kinderlike afhanklikheid en tot eer van God leef nie. Hoeveel bondsbrekers is daar nie onder ons mense nie? Trouens, die Sondag van elke week word deur die meeste mense ontheilig deur dit soos enige ander dag deur te bring.

En dit alles terwyl die voortbestaan van ons volk, wat ons godsdiens, taal en kultuur betref, meer as ooit bedreig word.

Uiteindelik is daar soos in 1838 net een uitweg, en dit is om ons voor God te verootmoedig en in volledige afhanklikheid voor Hom te lewe. Alleen deur ons Gelofte te betaal, nie net een dag in 'n jaar nie, maar elke dag, is daar vir ons 'n toekoms. <sup>CFCC</sup>

# Wys vir ander die Lam uit!

## Kersfees en Nuwejaar is vakansietyd

Vir baie van ons is Kersfees en Nuwejaar vakansietyd! Natuurlik werk sommiges en ander berei voor vir familiekuiers rondom die feesdae. Sommiges beleef dit as 'n uitdagende tyd: dalk finansiële of emosioneel of in terme van verhoudings of geestesgesondheid.

Hoe jy dit ook al ervaar, wys jou woorde en optrede vir ander die Lam uit?

## Die Joodse leiers se kommissie van ondersoek

In Johannes 1:19-34 stuur die Joodse leiers verteenwoordigers na Johannes die Doper. Hulle is bekommerd, want baie mense het uit Jerusalem uitgegaan om deur hom gedoop te word. Die kommissie van ondersoek moet bepaal of Johannes volgens sy priesterlike afkoms optree of nie. Die kommissie se opdrag is om vir Johannes te vra: "Wie is jy?" Johannes verstaan dadelik dat die Jode eintlik wil weet of hy die Christus, die Messias is wat die profete belowe het. Die Jode het met verlange uitgesien na die koms van die Messias, met die verwagting dat hy hulle van Romeinse oorheersing sou bevry. En in die eiesoortige dienswerk van

die Doper het hulle tereg iets van die Messias gesien.

Tog, Johannes ontken dat hy die Christus, die Gesalfde van die Here is. Met die klem op die "ek" stel Johannes homself teenoor die ware Christus wat sou kom, die Een voor Wie Johannes moet buig. Sy taak is eerder om die pad vir die Christus gereed te maak.

Die Joodse leiers weet dat Elia die voorloper, wegbereider, van die Messias sou wees. Ook laat Johannes se kleredrag en leefwyse hulle aan Elia dink. Daarom vra hulle of hy Elia is wat sou kom. Johannes het nog nie besef dat hy inderdaad die tweede Elia was nie – Jesus sou dit later bevestig – en daarom ontken hy dit.

Vervolgens vra die Jode of Johannes die Profeet is wat God volgens Deuteronomium 18 belowe het. Weer antwoord Johannes dat hy nie is nie. Nou is die kommissie van ondersoek eintlik in 'n verleentheid: Wat gaan hulle vir hulle opdraggewers in Jerusalem sê? As Johannes nie die Christus of Elia of die Profeet is nie, wie is hy dan?

## Johannes se antwoord

Nou kry Johannes geleentheid om te sê wie hy is. Hy verwys na

Jesaja 40:3 – 'n koning trek deur die woestyn en stuur 'n boodskapper vooruit om die pad vir hom gereed te maak, want die koning lei sy volk uit ballingskap na vryheid toe. Die Jode het geglo dat die Here na die Messias, hulle bevryder, verwys. Johannes sê hy is die stem wat roep in die woestyn – wie en wat hy is, is nie belangrik nie. Die boodskap wat hy uitroep, is wel belangrik: Maak die pad vir die Messias gereed! Johannes is die stem, maar die Messias, Jesus Christus, is die Woord, die boodskap!

Johannes se antwoord stel nie die Fariseërs op die kommissie tevrede nie. Hulle het dan alle gesag oor sake soos doop, en daarom vra hulle met watter gesag Johannes doop. Johannes antwoord dat sy doop met water van mindere belang is as die Messias se doop met die Heilige Gees, maar dit is ook nie betekenisloos nie. Sy doop met water is simbool van afwassing van sonde, maar dit is net 'n uiterlike teken – die ware innerlike reiniging gebeur alleen deur die Gees. Daarom doop die Christus met sy Gees.

## Wys die Lam uit!

Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Natuurlik het Johannes van Jesus ge-

weet – hulle was immers familie. Johannes het reeds vir Jesus gedoop, maar wanneer Johannes hierdie dag vir Jesus sien, sien hy Hom in 'n ander lig. Hy onderbreek sy prediking, wys na Jesus en roep uit: “Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!”

Die benaming sou nie vir die Jode bekend gewees het nie, en kom net hier in die Nuwe Testament voor. Onwillekeurig dink mens in die Ou Testament aan die paaslam en die kneg van die Here wat as 'n lam na die slagplek gelei word.

Nou word Jesus deur Johannes uitgewys as die Lam, die offer, wat in die plek van sondaars geslag word om hulle sondes weg te neem. Hy reinig met sy bloed

sondaars van hulle sonde en verlos hulle uit die mag van die sonde.

Johannes beskryf vir Jesus as die Man wat soveel waardiger as hy is, dat hy nie eers sy skoene mag vasmaak nie. Hy was voor Johannes al daar, al is Johannes voor Jesus gebore, wat dui op sy Godheid as die ewige Seun van God. Maar Jesus is ook 'n “Man”, God wat ware mens geword het.

Johannes het dit net besef omdat God dit aan hom bekendgemaak het toe hy Jesus gedoop het. “Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My.”

Hoe wys jou optrede in die vakansie- en feestyd, wanneer ons Kersfees en 2023 ingaan, vir ander mense die Lam uit? Dit is natuurlik

net moontlik as jy die Lam herken, as Jesus Christus vir jou die Een is, die Man, wat mens geword het om jou sondes weg te neem. Dan sal jou woorde en optrede vir ander wys wat Kersfees werklik beteken: “Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!”

Onthou, jou optrede in hierdie tyd is heel moontlik jou sterkste of swakste getuieis oor wat Christus se koms na die wêreld vir jou beteken. Moenie 'n naperter van die boodskap van Kersfees wees, maar in jou optrede 'n navolger van die wêreld nie.

Mag die Gees van God jou lei om in hierdie Kerstyd en met Nuwejaar Jesus as die Lam van God vir ander mense uit te wys. <sup>DK</sup>

## Stellenbosch Studente kamp 2023

28 Jan - 1 Feb

R 970

studente@gkstellenbosch.co.za



Gereformeerde Studente  
van Stellenbosch

Inskrywing & Navrae:-  
Mieke van der Merwe, 083-4008615  
Johan van Heyningen  
jvh@gkstellenbosch.co.za, 082-929-1733

Jou reis as student begin hier!!

# Dit is ons eer om te sorg met eer



Dr. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)\*

Die besluit van die ledevergadering van die Emeritaatsversorgingskombinasie op 10 September vanjaar om die huidige versorgingsvlakke van die 98 egpare en 101 individue wat tans uit die Emeritaatsversorgingstrust versorg word, te handhaaf, het ons kerke voor een van ons grootste uitdagings tot nog toe gestel.

Die kerke het besluit om 'n spesiale projek te loods om die nagenoeg R12 miljoen wat bo en behalwe die huidige ramings jaarliks daarvoor benodig word in te samel. In *Die Kerkblad* van Oktober is meer besonderhede gegee oor die projek *Sorg Met Eer* waardeur ons dit wil doen.

Vandag kan ons rapporteer dat die noodsaaklike aanvoorwerk wat vir die projek nodig is, reeds goed op dreef is. In ooreenstemming met die besluit van die ledevergadering is ds. Cassie Aucamp aangestel as deelydse skakelbeampte wat die projek sal lei en bestuur.

'n Eerste projekspan is in die lewe geroep om die werk te begin. Ds. Thys Erasmus van Magalieskruin en br. Dries Kruger van Kroonstad is die Trustees se verteenwoordigers op die span. Br. Louis Kruger van Randburg is as voorsitter van die Administratiewe Buro ook voluit betrokke, en dr. Wymie du Plessis gaan die projek administreer en ds. Cassie behulpsaam wees in die skakeling met die kerke.

Verskeie kundige lidmate met die nodige tegniese vaardighede help ons gratis met die broodnodige professionele advies en



kundigheid om so 'n projek effektief te loods, in die besonder in die kuberruim met al die moontlike digitale platforms.

Die komitee het besluit om die projek op Sondag 12 Februarie 2023 in al die kerke af te skop, om saam te val met die GKSA se verjaardag. In die tussentyd moet baie werk verrig word. 'n Skakellidmaat in elke gemeente moet dan reeds aangewys wees. Die digitale platforms en betaalmetodes moet in plek wees. Daar word tans gewerk aan 'n promosievideo wat dan ook in al die kerke op verskillende maniere vertoon kan word. *Kerke wat intussen 'n ontmoeting met ds. Cassie wil reël, kan hom skakel by 082 377 1112.*

Ons besef dat hierdie taak om ons emeriti eervol te versorg soos in 1994 besluit en belowe, 'n reuse onderneming is wat alleen met die seën van ons Here en die toewyding van elke gemeente kan slaag. Dit is ons eer.

*\* Dr. De Beer is onlangs aangewys as voorsitter van die Trustees van die Emeritaatsversorgingstrust, waar hy ds. Carel Jansen opvolg.*

# Kuratorerapport November 2022

## Agtergrond

**M**et groot dankbaarheid teenoor ons hemelse Vader kon die Teologiese Skool in 2022 weer gewone kontakklasse vir die studente aanbied. Ander aktiwiteite soos praktiese opleiding en kampe kon ook weer plaasvind.

As Kuratore het ons op 22 en 23 November 2022 vergader om ons verantwoordelikheid rakende die beheer en toesig oor die diens van opleiding wat deur die professore van die Teologiese Skool Potchefstroom verrig word, asook die toesig oor die teologiese studente, na te kom.

## Personeel by die Teologiese Skool

Die 12 beroepe professore aan die Teologiese Skool is nie net besig om op akademiese terrein die studente te onderrig en met kennis toe te rus nie. Hulle is ook deur middel van voogperiodes en andersins besig om die studente op emosionele, persoonlikheid- en sosiale vaardigheidsvlakke toe te rus en te begelei. Dit is en word 'n al hoe meer uitdagende taak, en ons is baie dankbaar vir hulle toewyding en passie.

Daar bestaan tans twee vakatures by die Teologiese Skool, naamlik in Praktiese Teologie en Nuwe Testament. In die lig van die huidige reëlins van die NWU dat beroepe professore nie meer aangestel gaan word nie, en weens 'n gebrek aan finansies, was dit nie moontlik om hierdie vakatures deur beroeping te vul nie.

Ten spyte van die professore se groot werkslading, tree hulle by geleentheid in die kerkverband op, en publiseer elkeen ook verskeie teologiese artikels en publikasies wat 'n Gereformeerde boodskap uitdra, soos Paulus dit stel in Filippense 2:15: "... te midde

van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld."

Aan die einde van 2022 termineer die MTh- program waarvoor finalejaarkandidate as geleentheidstudente ingeskryf het. Dit bring mee dat die finalejaar (Kandidaat 6)-studente voortaan vir kerklike modules aan die TSP inskryf. Hierdie modules word onderrig met behulp van *Ad Fontes*, 'n aanlyn-platform wat vir hierdie doel ontwikkel is (<https://reformedtheologicalacademy.com/adfontes>).

## Studente by die Teologiese Skool

Die studente aan die Teologiese Skool, waarvan sommige afstandstudente is, is tans:

Kandidaats 1:	2
Kandidaats 2:	4
Kandidaats 3:	4
Kandidaats 4:	14
Kandidaats 5:	7
Kandidaats 6:	11

Daar is tans net vier eerstejaarstudente wat aansoek gedoen het vir teologiese studie in 2023. Dit is 'n bron van kommer dat die getalle van studente drasties afneem. Gemeentes word opgeroep om jongmense wat die potensiele gawes het, aan te moedig om vir predikante te studeer (vergelyk Artikel 19 KO – *Die kerke moet soveel nodig sorg dat daar studente in die Teologie is wat deur hulle ondersteun word*).

Die Kuratore moes ongelukkig as gevolg van verskeie redes drie studente se studies termineer.

Dit is verder 'n bekommernis dat proponente ná beroepbaarstelling in sommige gevalle lank wag vir 'n beroep, selfs so lank as twee jaar. Dikwels veroorsaak dit ernstige finansiële nood. Kerke wat die



studente gestuur het vir opleiding, behoort groter verantwoordelikheid vir hulle te aanvaar. Kerke word opgeroep om in samewerking met die kerkverband (klassis en streeksinode) planne te beraam dat hierdie studente in die bediening aangewend kan word terwyl hulle wag vir 'n beroep.

Drie aansoeke om onder Kerkorde Artikel 9 beroepbaar gestel te word, is ontvang en hulle is tans volgens die voorskrifte van die TSP Senaat en Kuratore besig met sekere akademiese werk en preekmaakoefeninge met die oog op die verwerwing van die Kandidaatsertifikaat (Art. 9 – *Predikers wat uit ander kerke of een of ander sekte aansluit, sal nie tot die kerkdiens toegelaat word nie, behalwe met groot versigtigheid en dit eers nadat hulle vir 'n sekere tyd goed beproef is*).

Vyf studente wat hulle studies in 2022 voltooi het, het aansoek gedoen om verdere studie te doen. Studente wat nagraads verder studeer, ontvang nie finansiële ondersteuning van die TSP nie. Sommige studente kan egter nie hierdie studies bekostig nie. Tog het ons as kerke hierdie bekwaamheid nodig. Indien lidmate bereid sou wees om tot so 'n student se studies by te dra, kan hulle met die TSP skakel.

Studente wat preekkonsent het, doen aan die Kuratore verslag oor waar en wanneer hulle in gemeentes opgetree het, ten einde seker te maak dat hulle hul preekgawes genoegsaam oefen. Die Kuratore is dankbaar teenoor gemeentes wat vir ons studente hierdie geleentheid bied.

Weekliks word 'n opening by die Teologiese Skool gehou waartydens professore en predikante 'n oordenking aanbied. Hierdie jaar het die oordenkings uit 2 Timoteus gekom. Dit word onder die redakteurskap van prof. FP Viljoen in boekvorm uitgegee. Hierdie publikasie behoort met groot vrug in die kerke gebruik te kan word.

### **Spesifieke werksaamheid van die Kuratore**

Kuratore van die verskillende streeksinodes hou kontak met die studente wat uit die betrokke streeksinode kom, ten einde vas te stel of hulle enige probleme met hulle studies ervaar, of andersins ondersteuning nodig het. Die Kuratore voorsien ook beurse aan die studente wat dit benodig, en verskaf – waar nodig – huisvesting en voedselhulp aan

studente ten einde hulle in staat te stel om hulle studies te voltooi.

Die Kuratore besoek op gereelde basis die emeritus-professore om van hulle welstand te verneem en hulp te verleen waar nodig.

### **Toekomstige teologiese opleiding**

In 2017 het die Raad van die NWU besluit dat die ooreenkoms tussen die GKSA en die Universiteit in die lig van nuwe wetgewing grondig hersien moes word. Dit het meegebring dat 'n nuwe ooreenkoms met die NWU onderhandel is. Hierdie ooreenkoms hou betekenisvolle gevolge vir die toekoms van ons teologiese opleiding in.

Dit het onder andere meegebring dat die Kuratorium genoodsaak was om die Gereformeerde Teologiese Akademie (<https://reformedtheologicalacademy.com>) te stig. Die nuwe ooreenkoms en die oprigting van die Gereformeerde Teologiese Akademie is van buitengewone belang. Afgevaardigdes na die Algemene Sinode 2023 word daarom versoek om in hulle voorbereiding met groot erns die rapporte en dokumentasie in hierdie verband te bestudeer. Die Sinode moet immers rigtinggewende besluite neem met die oog op die toekoms van ons teologiese opleiding.

### **Studentepreke**

Die proses om preke te leer maak, is omvangryk. Tydens hulle vierde jaar berei studente onder leiding van die professore drie preke voor. In hulle vyfde jaar maak die studente drie preke wat in gemeentes gelewer en geëksamineer word. Hulle maak ook volledig selfstandig een preek wat deur die Kuratore beoordeel word. Op grond van daardie preek verleen die Kuratore aan die einde van die vyfde jaar aan studente toestemming (preekkonsent) om hulle preekgawes in gemeentes onder toesig van die kerkrade te oefen. Gedurende die sesde jaar moet die studente een preek in een week maak en ook drie ander preke selfstandig maak en aan die Kuratore voorlê. Hierdie preke word dan beoordeel, en die terugvoer word aan die studente voorsien ten einde hulle preekmaakvermoë te oefen.

Daar was gedurende die jaar drie studente wie se preke nie geslaag het nie en met begeleiding nuwe preke moes maak. Ons vertrou dat hierdie proses vir

die studente 'n besondere leer- en groeigeleentheid bied.

### Samevattend

Die Teologiese Skool wil op 'n omvattende en verantwoordelike wyse voornemende predikante oplei wat volwasse en bekwaam daar uitstap om die Here se Woord suiwer te verkondig en pastoraal in ge-

meentes te bedien. Hierdie werk word biddend gedoen. Maar dit bly mensewerk. In dit alles sien ons egter die groei en die bekwaamheid wat die Heilige Gees met elke jaar se studie bewerk en ons is ons Hemelse Vader daarvoor innig dankbaar. As kerke moet ons voortdurend die Kuratore, die professore en studente in gebed opdra aan die genadige en almagtige beskikking van die Koning van die kerk. <sup>DK</sup>

## Gereformeerde onderwys: Fokus op ons identiteit in Jesus Christus

Herman C Dorland

**B**en Groot se onlangse artikels in *Die Kerkblad* oor Gereformeerde onderwys het my laat dink oor wat mens kinders moet leer, en dit het my laat dink aan my pa se woorde: "As jy enige iets onthou, onthou vraag en antwoord 1 van die Heidelbergse Kategismus." Hier vra die Heidelbergse Kategismus: "Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe" en die antwoord is: "Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort." Die Kategismus begin dadelik met ons identiteit in Jesus Christus, en ek dink dit is die plek waar Gereformeerde onderwys veral moet fokus, dat die kinders geleer word dat hulle identiteit in Jesus Christus is, wat ware God en ware regverdige mens is wat alles gedoen het wat nodig is vir ons om deur God aangeneem te word en in sy familie ingebring te word. Ons posisie in hierdie onseker lewe is dus seker in Jesus Christus, en uit hierdie posisie van sekerheid kan ons die lewe aanpak in God se diens. Met Gereformeerde onderwys gaan dit dus eerstens oor wat God die kinders belowe het by hulle doop en sy werk in hulle lewens, met ouers, kerk en skool wat mede-arbeiders saam met God is deur God se genade in die taak.

'n Verdere punt waaraan ek gedink het, is dat onderwys en opleiding nie by die skool stop nie, en dat baie kinders aangaan hiermee in die universiteit. Daar is egter nie meer 'n Christelike universiteit in Suid-Afrika nie. In mystudieveld van geologie gaan navorsingsfondse vir studies in fundamentele geologie vir radiometriese ouersdoms bepalings wat die biljoene jaar-ouderdom van die aarde bewys, geologiese prosesse en klimaat tydens die sogenaamde lang geskiedenis van die aarde en evolusie, wat lewe op aarde probeer verduidelik uit 'n sekulêre oogpunt. Ek het nog nie afgekom op 'n navorser in my veld in Suid-Afrika wat fondse ontvang het om werk te doen op die gesteentes om te evalueer of die sekulêre teorieë waar is nie.

Die Bybel leer ons dat daar twee maniere is waarop ons God kan leer ken: uit die skepping en uit die Woord van God. Die Outeur van die skepping en die Woord is dieselfde Persoon, so daar kan nie teenstrydighede tussen die twee openbarings wees nie. As die wetenskaplikes dus iets sê wat teenstrydig is met die Woord van God praat hulle nie die waarheid nie. Hierdie teenstrydighede maak vele moontlikhede vir navorsing in my veld; ek verduidelik een. Die evolusieteorie sê dat dood

die normale gang van sake is sedert die begin. Fossiele, wat dooie plante en diere is, kom voor in die oudste lae op aarde, en meer komplekse organismes het ontwikkel uit minder komplekse organismes deur natuurlike seleksie oor tydperke van miljoene jare. Die oudste fossielstromaliete het 'n radiometriese ouderdom van meer as 3,4 biljoen jaar. Die Bybel sê egter dood het eers in die skepping gekom na die sondeval. Dus: die fossiele wat ons sien, is 'n bewys dat die gevalle mens reeds bestaan het, en ons weet uit die geskiedenis dat die mens al ongeveer vir 6000 jaar bestaan.

Radioaktiwiteit soos dit tans verstaan word, oorskat dus die ouderdom van die fossiele met biljoene jare, en dit is duidelik dat radioaktiwiteit nie volledig verstaan word nie. Radioaktiwiteit is dus 'n teiken om die wetenskap verder te ontwikkel en kan tot deurbrake in die verstaan van deeltjie-fisika lei.

Die tipe navorsing kan goed gedoen word deur 'n Gereformeerde universiteit. Ek stel dus voor dat ons bid en dink om 'n Gereformeerde universiteit in Suid-Afrika te stig. Deur Gereformeerde navorsing kan die mat onder baie van die sekulêre teorieë wat God nie in ag neem nie, uitgepluk word.

<sup>DK</sup>